Die Doop word vanmôre bedien aan Michael, baba van Andries en Chantelle de Klerk. Ons is saam met julle dankbaar vir die genade van God in julle kind se lewe. Baie welkom aan familie en vriende.
Tema: Hoe skuif ek van een geloofstoel na die volgende een? Net op een manier: bekeer jou, verander (vernuwe) jou lewe en leef meer gehoorsaam aan die Here.

LOFSANG MET DIE OOG OP DIE EREDIENS
Lied 428: 1, 2, 3, 4
Lied 547: 1, 3

ONS ONTMOET DIE HERE
Intreelied Sb 1-6: 1, 3
Votum
Seën
Loflied Ps. 95-2: 1, 3, 4
Belydenis: Sing Sb 12-3: 1 en 2

ONS VEROOTMOEDIG ONS VOOR DIE HERE
Wet uit Eksodus 20
Sing Ps. 119-2: 20, 27
Gebed

DIE HERE BEDIEN SY SAKRAMENT
Doopformulier
Bediening van die doop
Sing na die doop Ps. 105-1: 5 (kleuters na kleuterbediening)
Gebed

DIE HERE ONTMOET ONS DEUR SY WOORD
Skriflesing: Matteus 11 en Matteus 12: 33 - 45
Fokusverse: Matteus 11: 12, 20, 28 - 30 en Matteus 12: 40 en 43 - 45;
Woordverkondiging

ONS ANTWOORD OP DIE HERE WOORDDIENS
Sing Sb 2-4: 3
Liefdegawe
Gebed
Sing Sb 15-8: 3, 5 (Mel van Sb 15-7)
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Julle onthou nog seker die preek van ds. Reynold Fourie oor die verskillende generasies gelowiges aan die hand van die metafoor van die drie stoele.
(Wys skyfie net tot drie stoele)

Julle sal onthou dat die eerste stoel ŉ generasie voorstel wat die Here met hulle kop, hart en hande dien en toegewyd aan Hom lewe. Die tweede stoel stel ŉ generasie voor wat die Here nog ken en dien, maar Hom nie meer so toegewy met hulle hele hart dien nie. Hulle is al hoe meer gerig op hulle eie behoeftes. Die derde stoel stel ŉ generasie voor wat nog van die Here weet, maar Hom glad nie meer dien nie en net gerig is op hulle eie behoeftes.

Ons almal het aan die hand van die uitgebreide kenmerke van die drie generasies wat Reynold verduidelik het, ons eie geloof geëvalueer om te bepaal op watter stoel ons sit. Ek het bv. agtergekom dat ek met sommige aspekte van my geloofslewe op die eerste stoel sit, met ander aspekte - dalk die meeste - op die tweede stoel en ja, daar is selfs aspekte van my geloof en my daaglikse lewe wat op die derde stoel sit!

Nou volg die lewensbelangrike vraag: Wil ek van stoel verskuif en hoe verskuif ek?
Want brs en srs, die Here wys ons nooit op ons sonde en tekortkominge net om ons te laat besef wat fout is in my lewe en my as't ware te klassifiseer nie! Nee! Die Here wil dat ons groei in ons geloof! Dat ons van stoele verskuif.

Maar dalk het die "geloofstoel" waarop ek sit al so gemaklik geword dat ek nie wil skuif nie. Ek hoor die Woord van die Here en ek sien die sonde en tekortkominge in my hart, maar ek sit maar waar ek sit. Ek doen nie moeite in my verhouding met die Here om regtig te skuif nie! Die trekkrag van die wêreld is al so sterk op my dat ek maar net sit waar ek sit – miskien al vir baie jare!

Aan die ander kant: dalk wil ek skuif en groei in my geloof en maak ek voortdurend allerhande mooi voornemens teenoor die Here en ek maak groeigerigte bewegings, maar eintlik verander ek net die stoel waarop ek sit in ŉ "skommelstoel" wat op een plek heen en weer beweeg maar ek beweeg nie regtig nie!

En daarom geliefdes, sê die Here vanmore vir ons met voorbereiding vir Nagmaal dat Hy wil hê ons moet skuif! Die Here wil dat ons groei in ons verhouding met Hom. Dat ons groei in liefde – dat daar meer liefde in ons hart vir Hom en ons naaste kom! Dat ons groei in geloofskennis – dat ons Hom dieper leer ken en dat ons groei in geloofsdade! Dat die vrugte aan ons geloofsboom meer en meer word!
(Wys volgende op skuifie)

Daarom sê die Here vanmôre vir jou: daar is net een manier om te skuif! As jy wil skuif, staan op van jou stoel, beweeg vorentoe en gaan sit op die nuwe stoel. Of in

Bybelse taal gesê: bekeer jou, verander (vernuwe) jou lewe en leef meer gehoorsaam aan die Here. Dit is die boodskap vanmore: dit gaan oor wat tussen die stoele gebeur – (wys verder op skuifie)

Daar is nie ŉ ander manier om van stoel te skuif nie! Daar is nie ŉ maklike manier om te skuif nie! Dit verg inspanning en harde werk! Het jy gehoor wat sê Jesus oor die deurbreek van die Koninkryk van God in Matteus 11: 5 en 6:
"[12]Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself ŉ pad oop, **en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit**."

Jesus het vir die mense die boodskap van redding gebring en Hy het vir hulle met kragtige dade en wonderwerke bewys dat Hy die Verlosser is, maar die mense wou hulle nie bekeer nie! Hulle het gehoor hulle sit op die verkeerde stoel maar wou nie skuif nie! Daarom dat Jesus in Matteus 11 vir die inwoners van Gorasin, Betsaida en Kapernaum verwyt omdat hulle dit alles gesien en gehoor het, maar hulle wou nie skuif nie! Hulle wou nie van hulle sonde bekeer en in Christus glo nie! Daarom spreek Jesus nou ŉ verskriklike oordeel oor hulle uit!

Die onversetlikheid van ons harte en ons onbeweeglikheid word ook geopenbaar as die Skrifgeleerdes en Fariseërs ŉ bietjie later weer vra: Here ons soek ŉ wonderteken! Here, as U nou nog net dit of dat vir my doen, dan sal ek skuif..... So asof ons nog nie genoeg die Woord van die Here gehoor en genoeg die wonderdade van die Here in ons gelewe gesien het nie! Watter oortuiging het ons dan nog nodig om te doen wat die Here van ons vra?

En daarom verwys Jesus hulle eenvoudig maar weer na die grootste teken van God: dat Jesus aan die kruis sal sterf en soos Jona drie dae in die vis was, so sal Hy drie dae in die dood sal wees om te betaal vir ons sonde! Maar Hy sal op die derde opstaan uit die dood sodat ons saam met Hom opnuut kan lewe! Dat ons kan groei, dat ons ons kan bekeer, dat ons ons lewens kan verander sodat ons nader aan Hom kan kom! Die mense van Nineve het hulle bekeer en so moet ons ook!

Want jy sien br. en sr: wanneer die Here vir jou wys watter sonde daar nog in jou lewe vassteek en watter tekortkoming daar in jou geloofslewe is – dat daar dalk nog derde en tweede stoel dinge in jou lewe is, dan is dit nie genoeg dat jy dit net weet en berou daaroor het en vergifnis vra nie!

Bekering is nie net om jammer wees en te huil oor jou sonde nie! Bekering is eers wanneer jy ophou om dit te doen! Wanneer jy opstaan van daardie stoel en skuif! Nie meer doen wat jy van te vore gedoen het nie en nou doen wat God wil dat jy moet doen! Daar moet daadwerklike verandering en vernuwing in jou gedagtes, woorde en dade plaasvind!

Dis waarom Jesus in hf 12: 43 – 48 waarsku dat ‘n huis wat skoongemaak is, maar nie gevul is met gehoorsaamheid aan Christus nie, verval in erger sondige toestand!

Kom ons neem ’n voorbeeld om die opdrag van die Here vir ons eenvoudig duidelik te maak: sê nou maar dit word vir my duidelik dat die Here vir my wys dat ek te min tyd in my verhouding met Hom spandeer! Ek is te besig met my eie dinge en die dinge van die wêreld en God wil dat ek daarvandaan weg moet beweeg na meer en intiemer tyd met Hom!

Ek kom dan eerstens met berou tot die besef dat ek verkeerd optree en ek bring hierdie sonde in gebed voor die Here en vra om vergifnis!
Tweedens neem ek teenoor die Here ’n wilsbesluit: van nou af gaan ek meer tyd met die Here spandeer!
Derdens: ek beplan prakties hoe ek dit gaan doen en ek ruim op my dagprogram of weekprogram spesifieke tyd daarvoor in!
En dan doen ek dit! Ek laat nie toe dat enige iets anders my nou weer van daardie tyd beroof nie! Nie my werk, my gesin, my sport of ontspanning of enige iets anders kry weer beslag op daardie tyd saam met die Here nie! As dit my tyd met die Here is, weier ek eenvoudig om dit af te staan aan iets anders. En ek hou daarmee vol!

Dan het ek geskuif! Nou het daar groei gekom in my verhouding met die Here! My hart is nou meer toegewy aan die Here, ek bring nou meer tyd met Hom deur, ek leer deur die Woord die Here dieper ken – en ek word meer gehoorsaam!

Geliefdes, dit is wat tussen die stoele moet gebeur en dit verg inspanning, toegewydheid en harde werk! Die Here Jesus weet dit en daarom staan daar tussen hierdie bekeringsoproepe en oordeelsuitsprake oor hulle wat hulle nie bekeer nie – ’n kosbare persoon: Jesus Christus en sy uitnodiging!

“Kom na My toe almal wat uitgeput en oorlaai is en Ek sal julle rus gee!” Want dit gaan nie net om van stoel te verskuif nie – dit gaan om in ’n lewende verhouding met Jesus te lewe! Hy is die trekkrag wat ons laat skuif en die rigting waarin ons moet skuif! Ons moet in Hom en deur Hom groei en toeneem in ons geloof!
(Wys tweede skuifie)

Want Wie in Hom glo en jou lewe aan Hom oorgee om Hom van harte dien, ontvang die Heilige Gees wat jou bemagtig om jouself te bekeer van jou sonde en te groei in jou geloof! Die Heilige Gees vervul ons met krag en genade sodat ons die Woord van die Here kan hoor, kan hoor as Hy ons teregwys, ons oproep om te skuif – te groei en te vernuwe – en Hy gee die krag om my lewe daadwerklik te verander sodat ek meer gehoorsaam aan Christus kan lewe! Dit is waarom Jesus sê sy juk is lig!

Hy het betaal vir jou sonde! Dis nie meer ’n las wat jou vashou nie! Hy vul jou met sy Gees sodat jy die krag kan ontvang om te kan groei! Kyk weer mooi wat lees ons in

Matteus 12: 18 – 22 (wys skyfie) [18]"Hier is my Dienaar wat Ek aangestel het, my Geliefde oor wie Ek My verheug; Ek sal my Gees op Hom laat kom, en Hy sal die wil van God aan die nasies bekend maak. [19]Hy sal nie twis nie en nie skreeu nie, en iemand sal sy stem op die strate hoor nie. [20]'n Riet wat geknak is, sal Hy nie afbreek nie en 'n lamppit wat rook, nie uitdoof nie; Hy sal die wil van God laat seëvier. [21]En op Hom sal die nasies hulle hoop vestig." Br en sr, al voel jy hoe moedeloos en magteloos – Christus is jou krag en hoop!

Brs en srs: God wil dat ons skuif – nader na Hom deur Jesus Christus ons Here! Luister as die Here jou roep om jou te bekeer en jou lewe te verander sodat jy meer gehoorsaam aan Hom kan lewe! Dat daar groei in jou geloofslewe kan kom!

Ja, dis harde werk maar dis waarom jy aan Christus moet vashou! Hy vul jou met sy Gees sodat jy hierdie harde werk kan doen en wonderlike vrugte vir Hom kan dra!

Het jy krag en bemoediging nodig om dit te kan doen! Natuurlik!
Daarom kom die troosvolle uitnodiging van Jesus volgende Sondag baie tasbaar na ons toe in die brood en die wyn van die Nagmaal! Die Nagmaal is die belofte en die bevestiging wat jy nodig het dat jy in Christus kan skuif!

Hoor nou al sy uitnodiging: Kom na my toe almal wat oorlaai is en Ek sal julle rus gee! Kom ontvang die rus en die krag om te skuif – nader na Jesus toe!

Amen